'n Kosbare Pêrel

Het jy een speelding waarvan jy baie meer hou as al die ander?
Het jy dalk 'n beste vriend?
Wat is jy bereid om op te gee om daardie speelding te hê of by daardie vriend te wees?



Hoor hoe vertel Jesus vir ons in Matteus 13:45-46 hoe kosbaar Sy skat is.

"God se koninkryk is ook soos 'n pêrelhandelaar op soek na mooi pêrels. As hy een baie kosbare pêrel raakloop, gaan verkoop hy alles wat hy het, en koop daardie pêrel." Matteus 13:45-46 NLV

In hierdie verse beskryf Jesus 'n skat wat so groot, so waardevol, so kosbaar is, dat die man alles verkoop het om dit te bekom. **ALLES**

Jesus vergelyk die koninkryk van die God met hierdie waardevolle skat. Wat Jesus ons aangebied het, is so groot, so waardevol dat ons niks het wat die moeite werd is om te hou as dit beteken dat ons nie in die koninkryk kan wees nie.

Het jy al ooit van jou ou speelgoed, klere of selfs 'n ou selfoon verkoop? Dit kan moeilik wees om te besluit hoeveel ou goed werd is. In die lewe moet ons gereeld besluit hoeveel ons aktiwiteite of gewoontes werd is. Moet ons hulle bewaar? Wat die belangrikste is? Bv. moet ek eerder ekstra hokkie of tennis lesse neem? My beste maat speel dieselfde posisie as ek. Is haar of sy vriendskap meer werd as ons kompetisie vir die span? Is ons gesin se gewoonte om Sondae tyd met Jesus te spandeer meer werd as om laat te slaap omdat ons nou so moeg is na die week se belangrikste dinge?

Jesus vertel vir ons dat Hy die kosbare pêrel is waarna ons smag. Ons **verhouding** met Hom is die belangrikste en kosbaarste pêrel in ons.

Wat sal dit 'n mens help as hy die hele wêreld as wins verkry maar sy lewe verloor, of wat sal 'n mens gee in ruil vir sy lewe? Matteus 16:26

Jesus wil graag hê dat ons regtig moet besef hoe belangrik die Kosbare Pêrel is. In Openbaring 21:21 lees ons dat die 12 poorte van die nuwe Jerusalem is 12 pêrels. Elkeen van die poorte is uit een pêrel gemaak. Die eerste tree wat jy gaan gee in die nuwe Jerusalem is deur 'n pêrel! Hoe "cool" is dit? Jesus sê dat hy die ingang is deur die pêrel en net Hy.

Wat is 'n pêrel en hoe word pêrels gevorm:

'n Pêrel is 'n klein, ronde verdikking wat deur weekdiere rondom sandkorrels of ander vreemde voorwerpe wat in die dier se liggaam of tussen sy liggaam en die skulp beland, gevorm word.
Die pêrel is die enigste juweel wat deur 'n dier gemaak word; die meeste ander word uit die grond gehaal. En terwyl mineraaljuwele hard is en gewoonlik lig weerkaats, is pêrels sagter en word lig sowel geabsorbeer as weerkaats. Dit maak hulle glimmend.
Die diertjie wat vir hierdie kunswerk sorg, is die nederige oester. Die mooiste pêrels word gemaak deur die pêreloester Margaritifera van die tropiese seë.
Tafeloesters maak ook pêrels, maak dié is dof en min werd.
Die oester is nie die enigste skulpvis wat pêrels produseer nie. Sekere seeslakke, seemossels en ander seeskulpdiere se pêrels is wel mooi gekleur, maar nie glansend nie. Daar is ook party varswater-mossels wat vir pragtige pêrels sorg.
Daar is twee tipes pêrels nl.:
natuurlike en gekweekte pêrels.
Natuurlike pêrels is uiters duur.
Gekweekte pêrels is goedkoper
en makliker om in die hande te kry.



Onthou:

*Jesus is jou Kosbaarste Pêrel.

*Jy is ook vir Jesus 'n kosbare pêrel, want Hy het Sy koningskap in die hemel gelos, aarde toe gekom as 'n mens om vir jou te sterf.

The Pearl Of Great Value
https://www.youtube.com/watch?v=4r9M2Xlyw7M

Parables of Jesus: The Kingdom of Heaven:
https://www.youtube.com/watch?v=3sjPSaG4E34

Ek maak my hart vol met Jesus se skatte

Kan jy dink aan nog ’n paar skatte?

Die woord ***Waardevol*** beteken dat iets baie kosbaar en werd is of jy ag dit baie hoog.

Pêrel koekies

Smeer jou gunsteling kleur versiersuiker aan die onderkant van enige ronde koekie. Plaas ’n ronde wit “sprinkle” balletjie in die middel. Jy kan ook ’n jogurt bedekte rosyntjie gebruik of jellie lekkertjie. Plaas ’n onversierde koekie van dieselfde soort versigtig bo-op soos die prentjie wys. Maak sommer ’n paar pêrel koekies en vertel vir jou gesin dat Jesus jou Kosbare Pêrel is.



Wees kreatief en maak dit jouself!

Oester wasgoedpennetjie

Maak “sliding knot” armband met ’n pêrel in. Kyk op YouTube hoe om ’n sliding knot te maak.

“Cupcake” papier doppies en ’n pêrel kraletjie vorm die oulike oesters

Google ogies, ’n konsertina papiertjie met Matt. 13:45-46 op ‘n ronde papiertjie, vorm ’n oesterskulp

Gebruik ’n papierbord, kleurvolle papier, ’n pom-pom balletjie om die oester te maak.

Speel pêrel dominoes. Kyk op ons kerk webtuiste vir die “template”. Druk uit op harde papier en knip die dominoes uit.

Hou ’n skattejag by die huis!

Knip die skatkis uit en plaas jou skat daarin.